

Sing vooraf: Psalm 2:1 (p. 5)

- 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, / dat volke raas in opgewondenheid?
Gedugte konings staan gereed alom, / en wêreldgrootes raadslaag vir die stryd,
om God almagtig na die kroon te steek / en saam teen sy Gesalfde op te staan.
Hul sê: "Kom nou, laat ons hul bande breek / en van hul juk vir altyd ons ontslaan!"

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 68:1 (p. 330)

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat weglug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons die vryheid wat ons beleef in die kwytskelding van ons sondes met Psalm 16:4 (p. 62).

Wet

Psalm 16:4 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 73:10 (p. 369)

- 1 Nogtans sal 'k altyd by U bly; / niks sal my van u liefde skei –
0 U wat my regterhand gevat het, / vir wie 'k van harte liefgehad het.
U sal my voortlei deur u raad, / O God, my Hulp, my Toeverlaat,
en na die dag van aardse stryd, / my opneem in u heerlikheid.

Skriflesing: Eksodus 13

Teks: Eksodus 13:18a

Daarom het God die volk laat wegdraai in die rigting na die woestyn, na die Skelfsee toe. En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek.
(Eksodus 13:18 AFR1953)

Dit is nie altyd maklik om ons ideale te verwesenlik nie.

- Dit gebeur mos met 'n mens dat jy 'n bepaalde ideaal of selfs 'n bepaalde roeping het wat jy wil verwesenlik, en op die oog af lyk hierdie ideaal maklik bereikbaar.
- Maar as dit op die punt kom waar jy hierdie roeping van jou in werklikheid moet omskep, is dit glad nie maklik nie.
- Dit gebeur soms dat ons eers deur baie diep beproewing of selfs lyding moet gaan, voordat hierdie roeping verwesenlik is.

Dit bring ons by 'n strydvraag:

- Hoekom gaan roepingsgehoorsaamheid so baie kere gepaard met spanning?
- Waarom moet spanning dikwels selfs vergroot voordat die Here uitkoms gee?

Die antwoord vir hierdie dinge lê in die wysheid en beskikking van die Here oor ons lewens.

- Ons bely mos dat dinge nie sonder 'n doel gebeur nie.
- As ons net die afgelope jaar se lewe sou deurkyk, veral die dele waar ons dinge moes doen wat reg was, en dan baie spanning daar rondom ervaar het, sal ons oplet dat die dinge altyd gepaard gegaan het met verdieping in ons geloof.

Kom ons kyk na drie aspekte rondom die uittog uit Kanaän:

- 1. Die uittog 'n geloofsdaad**
- 2. God se opleiding**
- 3. Die genadepad**

1. Die uittog 'n geloofsdaad

Die uittog was 'n roeping of 'n opdrag wat die Here op die Israëliete gelê het.

- Hulle moes uit Egipteland wegtrek na 'n land toe wat die Here ongeveer 400 jaar tevore aan hulle voorsaat Abraham belowe het.
- Nou is hulle op pad.
- Daarmee word een van die grootste geloofsdade van alle tye uitgevoer.

Ons kan negatiewe en positiewe dinge sê oor Israel wat weggetrek het uit Egipteland.

- Negatief sou ons kon opmerk dat hulle die land verlaat waar hulle dwangarbeid verrig het.
- Positief moet ons opmerk dat hulle die land verlaat waar hulle hulle brood en botter gekry het.
 - Dit was ook hulle almal se geboorteland.
 - Hulle het geen ander land geken nie, en kon geen ander grond liefgehad het nie.

As hulle die maklike pad al langs die kus op geneem het, was dit 'n reis van ongeveer drie maande, en dan was hulle in Kanaän.

- Dit was 'n baie maklike grootpad.
- Dit was ook 'n bekende pad – eintlik 'n handelsroete. Al die handelskaravane het met daardie pad gereis.
- Die pad het by al die volke van daardie tyd bekend gestaan as “die pad wat reguit na Gasa toe gaan”.

Die Here het hierdie volk goed geken en Hy het geweet dat hierdie pad die pad van die dood vir sy volk sou wees. Hy sou hulle lei om hulle roeping uit te voer, maar op 'n ander – en baie langer en moeilike – manier.

U moet onthou dat Farao ook hierdie pad geken het, daarom kon die volk nie met daardie maklike en bekende pad na hulle erfland toe gaan nie.

- Farao se ekspedisies het gereeld hierlangs getrek.

- As die volk hierdie pad gebruik het, sou die Egiptenare hulle maklik inhaal en oorrampel.

Verder was dit so dat hierdie pad deur die land van die Filistyne gegaan het.

- Op daardie stadium het dit ook vir die Israeliete uitwissing beteken, want die Israeliete het nog nooit geleer om wapens te hanteer nie.
- Hulle was arbeiders, en 'n oorlog met die Filistyne sou gewisse vernietiging beteken het, want die Filistyne was 'n geslypte oorlogsvolk.
- Daarom sê die Here: Die volk kan dalk berou kry as hulle oorlog sien, en teruggaan Egipte toe.

Die Here het sy volk geken, soos hy ons ook vandag nog ken.

- Hy het geweet dat hierdie volk vir baie jare dwangarbeid verrig het, maar dat hulle geen oorlogsondervinding gehad het nie.
- Hy het toe al geweet hoe hardkoppig hulle is, en hoe baie hulle kan kla en murmureer.
- As die Filistyne, of enige ander volk wat destyds in Kanaän gewoon het, die Israeliete met hulle strydwaens sou aanval, sou hulle die hele volk doodgemaak het.

Tog lei die Here hulle dat hulle in die geloof in die pad val na Kanaän toe.

- Hulle voer hulle roeping uit, maar nie op die menslik "maklike" manier nie.
- Op die wyse wat vir 'n mens na omslagtig en vol lyding lyk – maar op die ou end die enigste manier wat dit gedoen kan word.

2. God se opleiding

Waarom lei die Here sy volk deur swaarkry en dood heen na die vervulling van hulle roeping toe?

- God wou sy volk eers laat groei in hulle geloof en vertroue in Hom.
- Hy wou hulle skool totdat hulle met hulleself kon saamleef en nie meer so baie kla en murmureer nie.
- Verder wou Hy hulle oplei in onder andere die oorlogskuns sodat hulle die volke wat in Kanaän gewoon het, kon aandurf en oorwin.
- Daarom laat God sy volk wegdraai.

Die kortpad is nie die regte pad nie. 'n Lewe sonder stryd is net nie goed genoeg as jy aan die Here wil behoort nie.

- Hierdie volk moet woestyn toe gaan sodat hulle so ver kon groei totdat hulle hulle eie swakhede oorwin het.
- Die Here het hulle eers teen baie swak volke laat veg, maar al hoe verder hulle getrek het, al hoe groter en sterker was die volke waarteen hulle geveg en oorwin het.
- Uiteindelik was hulle 'n gevreesde en magtige oorlogsmasjien wat vrees ingeboesem het by alle volke wat van hulle gehoor het.

Hulle moes ook eers leer om in alle sake waarlik op die Here te vertrou: honger, dors en oorlog.

Die volk moes verder ook nog sielkundig reggekry word.

- Onthou dat hulle 'n volk was met 'n slawementaliteit, daarom wou hulle ook kort-kort omdraai as hulle swaar gekry het.
- Hulle argument was elke keer dat hulle liever swaar sal werk, solank hulle net genoeg kos en water het.

Deur die geleenthede waar hulle swaar gekry het, en honger en dors gely het, het hulle geleer om self te dink en hulle eie inisiatief te ontwikkel.

- Dit het hulle ook geleer om in God te glo, en Hom te vertrou wanneer Hy beloftes maak.

Presies dieselfde gebeur wanneer die Here ons deur allerhande teëspoede laat worstel totdat ons ook met 'n skoner geloof ons roeping en gehoorsaamheid teenoor Hom kan nakom.

3. Die genadepad

As ons uit hierdie hoek uit na die woestynpad kyk, was dit 'n genadepad – al is dit ook waar dat almal wat die trek begin het, doodgegaan het voordat hulle in Kanaän ingetrek het.

- Dit was 'n swerftog al in die Here se genade waarin God sy volk ontwikkel en geskool het, en ook hulle geloof gesuiwer het.

Dink net prakties hoe naby hulle die teenwoordigheid van die Here belewe het.

- Hulle het letterlik elke dag en elke nag na die wolkkolom en die vuurkolom gekyk, en daarmee die teenwoordigheid van die Here gesien.
- Hulle bestaan het in die teken gestaan van: ons trek agter God aan!

Hulle het dit nie so gesien nie, want daarom was hulle so dikwels opstandig. Maar later kon hulle terugkyk en sien hoe die Here gewerk het tot hulle voordeel.

Hierin het ons ook die tipiese optrede van die Here met alle gelowiges.

- Die Israeliete was nie die enigste mense wat deur die Here so opgevoed is in die geloof nie.
- Dikwels moet ons ook beproewinge deurmaak – wat aanvanklik vir ons baie sinneloos lyk, en wat ons ook baie opstandig maak.

Die Israeliete het ook maar so gevoel.

- Maar, broeders en susters, kan u sien dat dit hulle uiteindelik geskik gemaak het om hulle roeping teenoor die Here te kon uitvoer.
- Die volk van Israel was in hulle beproewinge getuies van God se mag – want elke keer het Hy sy volk weer verlos, en het hulle geloof daardeur verdiep.

Die beginsel is dat ons deur beproewinge verdiep word in ons geloof. Met ons doen die Here presies dieselfde. Beproewinge is die leerskool van die Here waardeur ons gaan.

U moet altyd onthou dat u deel is van die kerk – ook wanneer u nie onder die erediens is nie.

- Ons staan in die voorste linies van God se openbaringsgeskiedenis.
- Daarom is dit net normaal dat ons ons beginsels met stryd sal moet handhaaf.
 - God se kerk is op die aarde altyd die strydende kerk.
 - Dit word ook in 'n sekere sin uitgebeeld deur Israel in sy oorloë teen die heidennasies.

Kyk na die resultaat van God se beplanning:

- Toe die Israeliete uiteindelik in Palestina gekom het, was al die wat altyd teen die Here in verset was en wat gemurmureer het dood.
- Dit was 'n jong volk wat almal pas besny is wat onder die Here se vaandel deur die Jordaan getrek het.
- Fisies het hulle ook gegroei. Hulle was sulke woeste soldate en so onstuitbaar in die uitvoering van hulle roeping dat al die nasies van hulle tyd hulle gevrees het.

U moet oplet dat daar 'n parallel tussen die geskiedenis van Israel en die Here Jesus Christus is.

- Al twee het voor die keuse van 'n kortpad gestaan – en daarmee saam vernietiging.
- Al twee is deur hulle versoekings in die woestyn.

Jesus kon langs die dood verbygegaan het – en alles in die wêreld sou aan Hom onderwerp gewees het as Hy die duiwel sou aanbid.

- Maar die Here Jesus loop die doodspad – wat daarop uitloop dat die duiwel ook aan Hom onderwerp is.
- Hy oorleef die versoeking in die woestyn om deur sy eie mense gekruisig te word – maar Hy verander dit in oorwinning omdat Hy daardeur vir hulle die verlossing gee.

Die Here Jesus se kruisdood beteken nie dat al ons aanvegtinge en beproewinge op 'n end is na sy opstanding nie. Dit beteken net dat Hy vir ons

- die pad van oorwinning deur stryd oopgemaak het;
- en ook die pad van volle gehoorsaamheid in ons geloof.

Noudat ons die dinge verstaan, kan ons dit met nuwe geloofskrag hanteer tot eer van die Here.

Deur die kruisdood het die Heilige Gees Hom ook in die kerk gevestig.

- Die Heilige Gees openbaar aan ons die werking van God se genade, en Hy bewerk ook geloof in ons.
- Hy rig ons ook met God se eie wysheid.
- Hy is na ons toe gestuur om deur die krag van Jesus se oorwinning ons ook te lei tot oorwinning en roepingsvervulling.

Die skakel tussen al hierdie dinge en ons teksgedeelte is dat ons moet beseft dat God nie die gladde deel van die lewe nou al aan ons kan gee nie.

- Ons is nog in die bedeling van stryd – maar dis waarom ons nou die krag van Jesus se verdienste en die leiding van die Heilige Gees het.
- Verder is dit ook so dat ons moet beseft dat God moeilike omstandighede en langgerekte lyding/beproewinge/swaarkry kan gebruik om ons inderlik te skool en ons geloof te verdiep.

Hierdie gedeelte het ook 'n ontwikkeling in die toekoms in.

- Ons beproewinge en lyding gaan verskerp soos wat die einde nader kom.
- Die Bybel openbaar duidelik dat die Here in die eindtyd die duiwel toelaat om die hele wêreld te verwoes met haat en alles wat daarmee saamgaan.
- In hierdie proses sal ons deur baie diep beproewinge gaan.

As daardie oomblik kom, dan moet u nie kyk na die oomblik nie, maar na einde daarvan.

- U moet die verlossing sien, en u moet die God van die verlossing sien.
- Beproewinge is dus óf verrykend, óf verarmend.

Ons roeping is duidelik:

- Lees die tekens van die tye,
- en daarmee saam ook jou eie onvermoëns.
- Verstaan God se straf en sy beproewinge oor ons, en verstaan ook dat die Here ons daarmee enersyds tot bekering beweeg, en andersyds versterk in ons geloof.

In alles: dank God dat Hy die eise in sy genade stel omdat sy krag die gelowige deur hierdie dinge dra – soos vir Israel deur die woestyn tot in Kanaän.

Amen.

Slotgebed

Psalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 29 Junie 2008